



ONS LEER BREI

Nog vakgeheime — die heelmaak van gate, versterking van verslete plekke, wat om te doen wanneer die garing opraak en die gebruik van garinghouers

ONS het reeds gemeld dat sekere kunsies baie belangrik is vir 'n netjiese stuk breiwerk. Hier volg nou nog vier wat beslis die een of ander tyd baie handig te pas sal kom.

1

MAAS GATE TOE

Motte vreet klere, 'n vonkie spat van 'n sigaret af, kledingstukke haak vas en in al die gevalle is die resultaat dieselfde — 'n gaatjie. Wanneer dit met 'n gebreide kledingstuk gebeur, veral indien die gat in koussteek voorkom, kan dit met 'n bietjie moeite netjies heelgemaak word.

Ryg die deel wat herstel moet word aan 'n stukkie karton of dik seildoek vas sodat dit nie kan skuif nie.

Rafels moet versigtig verwyder word om 'n gat met netjiese rande en steke bo en onder te verkry.

Die sykanke wat nog onnet is, moet na binne omgevou en vasgewerk word.

Span met 'n naald en 'n draad van die garing waarmee gebrei is, 'n vertikale *traliewerk* oor die gat (foto 1). Begin met 'n lang, vertikale steek oor die omgevoude rand sodat dit ook bedek word. Steek die naald nou horisontaal deur die eerste twee steke regs bo en trek die garing deur. Steek die naald dan in die teenoorstaande twee steke onder en trek dit deur. Werk so voort.

Die naald moet telkens in dieselfde steek

(Les 8)

ingesteek word waar dit uitkom, m.a.w. jy tel altyd een steek wat reeds gewerk is, plus een nuwe steek op soos duidelik op die foto gesien kan word. Sodra die gat met vertikale steke bespan is, kan duplikaatsteek oor twee-twee drade van regs na links gewerk word en van onder af boontoe (raadpleeg die foto baie sorgvuldig).

Heg die draad aan die einde van elke ry duplikaatsteke netjies af en begin opnuut aan die regterkant bo. Indien die herstelwerk netjies gedoen word, sal dit heeltemal onsigbaar wees.

2

VERSTERKING VAN VERSLETE PLEKKE

'n Gebreide kledingstuk slyt dikwels by die elmbou. Herstel dit voor dit te ver gaan en 'n gat vorm.

Ryg die deel wat versterk moet word aan karton vas soos uiteengesit by die heelmaak van gate en werk met 'n draad van dieselfde garing as waarmee die kledingstuk gebrei is in duplikaatsteek oor die verslete plek.

Steek die naald horisontaal deur twee steke bo en dan twee steke onder die beginsteek en werk voort soos hierbo uiteengesit.

Wanneer die herstelwerk voltooi is, moet die garing aan die verkeerde kant netjies weggewerk word.

Dié soort herstelwerk behoort later gestryk of gestoom te word soos op die papierbandjie van die verpakking aangedui word, om die werk perfek af te rond.

3

GARING WAT ONVERWAGS OP-RAAK

Probeer, wanneer 'n bol garing byna op is om minstens die ry waarmee jy besig is te voltooi, sodat die vashegplek van 'n nuwe

bol nie sigbaar sal wees nie. Dit kan egter gebeur dat die draad in 'n ry breek of deur die vervaardigers gelas is. In dié geval moet jy nooit 'n knoop maak nie. Halveer die dikte van die begin- en eindpunte van die garing en draai dit ineen om 'n draad van die oorspronklike dikte te verkry — maar moenie die twee losgedraaide drade afknip nie. Werk baie versigtig met so 'n ineengedraaide draad. Die losgetrekte punte van die garing behoort met 'n naald aan die verkeerde kant ingewerk te word om die lasplek te versterk.

Wees versigtig om die gehalveerde stukke garing nie te na aan die werk af te knip nie want dit sal die werk bederf.

4

GEBRUIK 'N GARINGHOUER

Baie mense beskou 'n garinghouer as heeltemal oorbodig. Tog is so 'n houer onontbeerlik indien 'n reëlmatige, gladde afwerking vir die breiwerk verlang word, want die houer verseker dat die garing nie koek nie terwyl gebrei word.

Indien die bol garing kan rondrol sal dit koek en dunner word as dit herhaaldelik ontknoop moet word, en dit sal die eindresultaat bederf.

Daar is nog iets wat onthou moet word. Al die garing wat met masjiene opgedraai is, moet vanuit die middel gebruik word. Die garing sal dan afrol sonder om rond te rol, selfs in 'n garinghouer.



BO LINKS:

Span die agtergrondrade.

BO REGS:

Duplikaatsteek word oor die drade gemaak.

LINKS:

Versterk 'n swak plek met maaswerk.

REGS:

Gebruik masjielopgerolde bolle vanuit die middel.